MURRAYSBURGER

Murraysburg
a beautiful secret

The Beautiful Secret is out!

Sept 2011
R3.00
No 6

Go to www.murraysburg.co.za

The *Murraysburger* is now also available on the website. Hard copies at Kays, Butcher, Co-op & Victory Hill

Hello there

Two consecutive mornings without frost, I wonder whether we dare hope that Spring is on her way!

On the 9th of August Marietta and I were invited to be part of a special 'Woman's Day' tea, where we were treated to delicious refreshments and inspiring talks which were presented by the 'Rotse' of Murraysburg. You will no doubt be wondering what a 'Rots' is, it was a term used at the meeting to describe the facets of women – tough, enduring, immovable and most of all the anchor in her environment whether it be family or community. It was the brainchild of Miriam Seekoei, to bring together the women of Murraysburg to honour them for who they are, without bringing religion or politics into it. It was a clear call for women to be united in their daily struggle, to communicate their concerns with their children and men folk in an effort to live in a more harmonious environment, for we all know how awesome and powerful a united family and community is.

The issues discussed were significant to us all:

- Cancer and Aids testing, for both of these diseases early detection is critical for survival.
- Abuse – this is huge, from abuse of our animals to our children and spouses, encompassing 'emotional abuse' which is often not recognised as abuse but which is often more damaging.
- Bonds of friendship – 'what is with **us** today is with **you** tomorrow' – this was a wise quote from Miriam.

It was a wonderful morning and an important insight into the lives of the Murraysburg 'Rotse' well done ladies to each and every one of you for coming together and sharing your wisdom with all of us.

Jen

'MURRAYSBURG 150'

'Murraysburg 150', geskryf deur Izak Malherbe, Charl Conradie en Alida Pienaar het so pas verskyn. Die teks is ryklik voorsien van foto's en verder toegelig met tekeninge deur Janet Kingwill.

Hierdie boek behandel die geskiedenis van Murraysburg vanaf pre-historiese tye tot 2005. Aandag word gegee aan verskeie aspekte wat die lewens van inwoners geraak het, bv landbou, onderwys, plaaslike regering, sport, godsdiensbeoefening en kultuur. Uitsonderlike prestasies word vermeld en presteerders word gehuldig.

'n Boekbekendstelling word gehou op **27 Augustus 2011** in die NG Kerksaal, Murraysburg om 18:00.

Navrae i.v.m. 'Murraysburg 150' kan gerig word aan Alida Pienaar, telefoon 044 695 2446 of 082 599 0366 of aan Charl Conradie by cfconradie@gmail.com .

BRIEWE/LETTERS

TEL/FAKS: 049 844 0135 **SMS**: 072 2163 115 / 082 5093 120
EPOS: maritatheron@mweb.co.za/jenny_ballantyne@telkomsa.net
POSADRES: Voortrekkerstraat 30, Murraysburg, 6995

Skuilname mag gebruik word, maar alle briewe moet vergesel wees van 'n naam, adres en handtekening. Die redaksie behou die reg voor om briewe te verkort of te verwerp. Die sperdatum vir bydraes is middel van die maand.
Pseudonyms may be used, but all letters must be supported by a name, signature and address. The editors reserve the right to edit or reject letters. The deadline for contributions is middle of the month.

VANDALISM OF THE SPORTING FACILITIES (FIELDS)

■***MR-X.com, Murraysburg:*** To see the state in which our sporting facilities are in town can say a lot about the inhabitants of Murraysburg, its community and the Municipality. These facilities were built for us and it's up to us to take care of them. Many of us know the people who vandalise these places, many of us see it happening, and some of us even take part in these destructive activities. We as the community and members of the sports clubs should start to take ownership of our town's investments.
These are places that could produce great icons in the sporting arena, as we are aware of the raw sport talent we have here. Look at the Rugby Club, which was where we were crowned the champions this season; they had to train on a field that is in a very poor condition. During the past soccer season our teams played in the LFA League, and the teams that finished on top are still waiting for the money which they won! This may lead to the downfall of soccer here in town as the team who won the league are feeling demotivated as this is money which could have been spent on more equipment for the team. The soccer field has been totally vandalised and it is not suitable to be played on at the moment. The pitch now serves as a path to walk through the field, some people even jump over the wall.
We need these facilities to keep the youth busy and out of trouble, so as a community this should be given the highest priority. The municipality should be taking an active interest in helping to uplift the community by supplying quality materials and workmanship so that these facilities will last longer. We urge the municipality to make sure in the coming year that there is sufficient money in the budget for the repair and upkeep of the facilities so that we as the sportsmen/women and the youth will be able to enjoy them and uplift ourselves and remain proud of what we have. Obviously the securing of these facilities will be the biggest challenge which should be taken up by every member of the community as well as our Municipality and our Police force, if you see anyone abusing these facilities let the police know. The sports teams should also play an active part in trying to maintain these facilities.
Let's give the youth and the kids a chance to reach their dreams in sports and enjoy clean and safe parks, because a **"A CHILD IN SPORTS IS A CHILD OUT OF COURT"**

■***Johnadene du Plooy, Murraysburg:*** Murraysburg se sport velde word gevandaliseer en dit het 'n impak op môre se sport persone en die toeskouers. Ons dorp het n sport fasiliteit gekry van **SCORE** (Sport Coaches Outreach). **SCORE** het 2002 vrywiligers gestuur wat van Europa is wat ses (6) maande kom werk het met verskilende sport kodes. Dit is ontstellend om te sien hoe die fasiliteit vandag lyk wat onderstel is om meer as 1 sport te fasiliteer soos Netbal, Basketball, Handball,Volleyball ens.
Dis erg genoeg dat daar ander plekke/dorpe is wat nie die geriewe of fasiliteite het nie en ons het tyd om dit af te breek. As 'n sportafrigter en speler is ek, ***Johnadene du Plooy,*** van plan om in samewerking met **Hoops 4 Hope en Soccer 4 Hope,** skole sport en Life Skills Training aan te bied. Ons jeug het baie uitdagings bv. Tienerswangerskappe, dwelms, Miv Vigs, skoolverlating ens. Dis beter om die jeug besig te hou met sport as met verkeerde dinge.
Ek vra die gemeenskap se samewerking om asb te kyk na ons sportfasiliteite, veral die jeug self.

SAFETY ISSUES

■***Concerned resident, Murraysburg***: During the past few months the state that the safety lights are in has bothered me a lot. In winter it is particularly bad as it gets dark early and the residents are left to walk around in the dark, which is unsafe. This issue has been raised a number of times at the municipal meetings. About two months ago when Mr. Truman Prins was here, a young lady named Zimasa once again raised the issue and Mr. Prins gave a mandate to the electrician to fix the lights the following day! This did not happen so we are still in the dark so to speak!
It seems that the municipality is not concerned about the safety of the residents in our town. This ''half black out'' could lead to problems in the community.
1. The safety of the people especially those children who are being sent to the shop at night as they could easily get mugged by the older children.
2. The gangsters or teen groups that we have here are also an issue to be raised, as they are the ones that break into our houses or break windows just for the fun of it.
3. The youth who go out at night and over the weekend are at the greatest risk, especially when they have been drinking as fights can break out and they can be seriously hurt as this happens in the dark.
4. Our young girls are a big concern, for the community and parents it is a massive issue. Our sisters and daughters could get raped and molested easily and could be targeted during the day and preyed on at night.
Our municipality should act upon this issue before it endangers the community. Perhaps the community should send a letter to Mr. Truman Prins highlighting their concerns and asking for some action once again.
The other big concern is the fact that we don't have a fire station or trained fire fighters here in town. We have had numerous occasions where houses have been burnt down and veldt fires have had to be put out by members of the community without them having any knowledge of the danger involved. Our municipality should take it upon themselves to train some of the youth that we have here in town to take up fire fighting. Some of the smaller towns do have these stations and it could also then serve as a job creation program. There is so much to be done in this community of ours that could decrease poverty and uplift the youth with various skills that are needed here in town.
So, as a concerned resident of my beautiful town Murraysburg, I urge the municipality, councillors and Mayor to please act on these issues.

KAROORUIMTE - SEPTEMBER 2011

Ds Solly Ozrovech was destyds ons predikant in Vishoek. 'n Merkwaardige mens en 'n goeie prediker maar ek moet tot my skande erken, ek onthou weinig van sy boodskappe. Wat ek wel baie goed onthou, is toe hy een dag die volgende gesê het: "*Dink net hoe sou dit gewees het as ons Liewe Vader die sterre net vir een nag per jaar aangeskakel het. Dink net hoe sou die ganse mensdom rondom die hele aarde alles los waarmee hulle besig is en die hele nag lank buite gesit het om die ongelooflike skouspel te aanskou. Dink net hoe sou hulle met hartseer die volgende oggend afskeid neem met die wete dat hulle weer 'n volle jaar moet wag om dit weer te sien"*. Oorlede Louis Barendse het een aand tydens sy bekende Sterre en Planete program ook vertel hoedat hy 'n "sterre-aand" moes aanbied vir 'n hele aantal van die wêreld se top-industrialiste wat hier in SA was vir een of ander konferensie. Tydens sy aanbieding merk hy 'n ouerige Japanese man wat ietwat ontsteld gelyk het en toe die omie skielik verdwyn, stap hy agterna om te hoor wat fout is en of daar iets is waarmee hy kan help. Hy kry toe die man eenkant, snikkend en in trane. Hy vra toe wat skort en die Japanees sê toe vir hom dat hy in al sy lang lewe nog nooit die sterre gesien het nie. In Tokyo waar hy sy ganse lewe deurgebring het in sy strewe na rykdom en geld, is die son en die maan die enigste hemelligame wat sigbaar is deur al die rook- en ligbesoedeling. Maar laat daar 'n vuurwerkvertoning by die waterfront of tydens 'n groot okkasie plaasvind, stroom die mense in hordes daarheen, trotseer die elemente en sal selfs betaal om dit te sien. Hier in ons pragtige Karoo met sy onbesoedelde lug kry ons die grootste van alle vertonings elke nag verniet. Om die Engelse aan te haal, "*count your lucky stars*".

September Hemelruim

Selfs op die helderste nag met absoluut geen lug- of ligbesoedeling nie, is daar steeds sterre wat ons nie beskore is om te sien nie. So teen agtuur saans sit die suiderkruis net mooi bokant die suidelike horison. Reg bokant die twee helderste sterre van die kruis is daar 'n donker area waar feitlik geen sterre sigbaar is nie. Hierdie donker area van omtrent 26 vk grade staan bekend as die "Coal Sack". Dit is 'n donker nebula wat bestaan uit 'n wolk van stof en gas wat letterlik soos 'n wolk voor die son die lig van sterre agter dit wegsteek. Anders as ander nebulas wat verlig word deur omliggende sterre en soos soos newelagtige wolke sigbaar is, is hierdie een onverlig en lei tot die illusie dat daar in hierdie spesifieke area van die hemelruim niks aangaan nie. Alles behalwe – daar is 'n wolk van stof en gas wat ons nie kan sien nie en hoe dit agter die wolk lyk, sal geen mens op aarde ooit weet nie. Weer eens is ons in die Karoo baie bevoorreg om hierdie verskynsel met die blote oog te kan sien (of nie te sien nie!). In die stede is dit feitlik onmoontlik om die Koolsak te sien.



René Theron

Mooi skoon – Lekker woon (2)

Hierdie 4 seuns het oor die Vrouedaglangnaweek toeriste laat stilhou wat hul draadkar kunswerke waardeer het. Die seuns het met Grand Prix etiket en 4x4 styl hul selfgeboude draadkarre bestuur. Soms ry hulle in konvooi. Ander kere durf hulle "obstacles" aan. Hulle vervaardig die motors self en brei voortdurend uit met sleepwaens en woonwaens. Die wiele loop seepglad en ken die paadjie winkel toe asof in outomatiese modus. Hulle voorsien om vorentoe rommel padlangs op te laai en binne-in die bakke en sleepwaens te versamel en in vullisdromme te plaas. Hierdie seuns stel 'n merkwaardige voorbeeld aan die hele gemeenskap en verdien sowaar 'n medalje.

Oor dieselfde langnaweek het die VG Kerk 'n saamtrek gehad van die Mans-Aksies. 8 streke in totaal het op Murraysburg bymekaargekom. Die doel was om opnuut oor roeping, visie en motivering saam te dink. As blyk van erkenning aan die nageslag is besluit om 'n nuwe tradisie te begin. 10 inheemse bome is aangeplant: 8 bome wat die 8 streke verteenwoordig en 2 bome uit respek en dankbaarheid teenoor die plaaslike gasheergemeente.

Op die foto's hier onder verskyn die afgevaardigdes en die boomplantseremonie

Agter hulle staan 3 studente wat beïndruk was met wat hulle gesien het.

The **Great Karoo Arts Festival** (Richmond) takes place this year from 6-8 Oct, with the opening the evening of 6 October.

For stalls - whether plants, produce, other products contact Marthie Connolly at 072 151 3794

Murraysburg Environmental Forum

Chairperson (André Louwrens) Tel no: 049 844 0002 /
072 452 0375
Secretary (Nakani / Klink)
Mr Klink Tel no: 049 844 0007 / 082 491 0610
Mr Nakani Tel no: 023 449 1000 / 083 484 7383

GROOT GELUK TREF HUIS SPITSKOP

Murraysburg – Groot was Ettienne Terblanche, inrigtingshoof van Huis Spitskop, se verbasing toe mev. Daphleen Eksteen hom op 2 Augustus vra om die 5 hospitaalbeddens, wat aan Huis Spitskop toegeken is, in Graaff-Reinet te kom afhaal. Hy het nie besef dat dit deel van die skenking van Graaff-Reinet se tweelingdorp, Winterswijk, in Nederland is nie.

Nog groter was sy verbasing en vreugde toe hy ook dekens, kussings en bedlinne vir Huis Spitskop ontvang. Aangesien Huis Spitskop sedert Maart 2010 slegs vir 30 persone subsidie van die Departement Maatskaplike Dienste ontvang, alhoewel subsidie vir 50 persone goedgekeur en daar meer as 50 inwoners is, gaan dit uiters moeilik om die boeke te laat klop en is daar geen sent vir linne, ens. beskikbaar nie. Hierdie skenking is gevolglik uiters welkom en sal die versorging van erg verswaktes baie vergemaklik.

Huis Spitskop kan mev.Daphleen Eksteen nie genoeg bedank dat sy Murraysburg ook betrek het by die verdeling van die houervrag nie en natuurlik mnr Henk Kok en sy vrou Tina, wat die inisieerder van die groot geskenk was nie. Hopenlik sal mnr. en mev. Kok hulle weg oopsien om Huis Spitskop te besoek wanneer hulle later vanjaar in Graaff-Reinet is sodat hulle persoonlik bedank kan word!

Dié ruim geskenk maak ‘n baie groot verskil in die versorging van Huis Spitskop se inwoners!

94 JAAR JONK

Murraysburg – Op 2 Augustus het al die ouer dames van Murraysburg by Elma Immelman se gastehuis bymekaar gekom om Baby Erasmus se 94ste verjaarsdag van die vorige dag te vier.

Dit is min mense beskore om soos tannie Baby Erasmus 94 jaar oud te mag word, maar dis ‘n groot genade wanneer die 94ste verjaarsdag nog met betreklik goeie gesondheid en ‘n helder verstand gevier kan word. Alhoewel tannie Baby op 1 Augustus aan huis van haar dogter Lina van den Berg in die Sneeuberge van vroegoggend tot laataand oproepe van gelukwense ontvang het, was sy die volgende dag vol energie en humor en kon sy die kersies op haar koek sommer met die eerste poging almal gelyk doodblaas!

Sy is op 1 Augustus 1917 in die Bultfontein-distrik in die Vrystaat gebore, waar sy ook haar skoolloopbaan voltooi het. In 1937 is sy met Pieter Erasmus, ‘n boer van Theunissen getroud, en het hulle tot in 1962 op die plaas Humanshoogte geboer. Uit die huwelik is drie kinders gebore, Rassie, ‘n afgetrede skoolhoof, Gawie, ‘n afgetrede bankbestuurder en Lina, vrou van Kotie van den Berg van die plaas Beeldhouersfontein in die Sneeuberge. Voordat hulle hul in 1972 op Brandfort gaan vestig het, het tannie Baby en haar man nog vir tien jaar op ‘n besproeiingsplaas in die Warrenton-distrik geboer. Vir uitdagings het hulle nooit teruggedeins nie!

Hulle goue bruilof kon hulle in 1987 in die teenwoordigheid van al hulle kinders en kleinkinders vier en hierdie geleentheid sal ‘n hoogtepunt vir tannie Baby bly. Na die dood van haar eggenoot verhuis tannie Baby in 1989 na Huis Spitskop, van waar sy nog gereeld skriftelik kontak met haar nege kleinkinders, agterkleinkinders, asook verskeie ander familielede en vriende het. Sy bly besig met brei en lees, al kan sy

ongelukkig nie meer, soos wat sy vroeër graag gedoen het, in die tuin woel en werskaf nie. Sy het diep in die Murraysburgers se harte ingekruip ten spyte daarvan dat sy na amper twintig jaar se verblyf in die Wes-Kaap nog steeds ‘n getroue Cheetah-ondersteuner is!!!

Haar liefde vir en betrokkenheid by haar kinders, kleinkinders en agterkleinkinders is kenmerkend van tannie Baby asook haar vrygewigheid. Sy kon heerlik bak en brou en almal is altyd met tuisgemaakte lekkernye bederf. Dit was vir haar kinders te alle tye heerlik om hulle vriende huis toe te bring aangesien elkeen daar gul ontvang is en welkom gevoel het. Danksy haar besondere humorsin kon tannie Baby groot vreugde in die lewe vind, aan ander gee en menige struikelblok oorkom.

Veels geluk namens elke Murraysburger en mag tannie Baby Erasmus in die dae wat voorlê elke dag nog plesier, geluk en goeie gesondheid geniet!

Murraysburg boere presteer

Murraysburg - Louw en Frans Retief van die plaas Driehoeksfontein het vanjaar met die Sybokhaarkongres, tydens 'n skemerkelk-funksie, die Miyuki prys vir die Reserwe Groot Kampioenskeersel, 2010, ontvang. Vir hierdie prys word die somer- en winterskeersel in ag geneem, d.w.s. deurlopende gehalte word geëvalueer. Hulle skeersels was nog sedert 2000 elke jaar onder die top ses skeersels in die land en hulle het al verskeie kere die Kampioen Somer- of Winterskeersel gehad.

Die Retiefs is vanjaar weer eens 'n finalis in die Zegna kompetisie vir die beste baal somer kleinbokkiehaar, 2011. Hierdie pryse word later vanjaar aan die tien finaliste oorhandig.

Tydens die tweede laaste bokhaarveiling van die somerseisoen het die skeersel van Driehoeksfontein die wêreldrekordprys vir jongbokhaar, nl. R177.00 / kg, geëwenaar en ook die seisoensrekord vir jongbokhaar wat as winterkleinbokkiehaar aangebied is, nl. R240.00 / kg, opgestel.

Hierdie suksesvolle pa-en-seun boerdery is weer eens 'n bewys dat dit loon om wetenskaplik en puntenerig met sybokke te boer en die gemeenskap is trots op die prestasie van Louw en Frans Retief.

Tuinbou fokus op waterwys plante

Murraysburg – Tydens die Tuinbou-vergadering van 3 Augustus, wat besonder goed deur oud en jonk bygewoon is, was Hendrik Strydom van die Proud Plants kwekery op Petrusburg die gasspreker. Strydom het reeds die vorige dag gekom en verskeie plase besoek waar hy raad ten opsigte van die tuine gegee het.

Strydom is 'n gekwalifiseerde tuinboukundige met baie ondervinding, wat op Petrusburg sy groothandel kwekery begin het, maar ook as landskapsargitek en besproeiingskundige diens lewer. Aangesien Petrusburg se klimaat, soos die grootste deel van die Karoo besonder koud, maar ook baie warm is, is sy inheemse plante onder plaaslike omstandighede gekweek en aard dus goed in die Karoo. In die kwekery word ook geharde uitheemse plante gekweek sowel as groot hoeveelhede bome in alle groottes, wat selfs uitgevoer word.

Aangesien Strydom so ver moes reis, het hy oor meer as een aspek van tuinmaak in die Karoo gesels. Ter inleiding het hy genoem dat 'n volwassene ook wat tuinmaak aanbetref maklik in 'n groef beland, maar bereid moet wees om in sy tuin te waag. Wanneer 'n tuin so beplan is dat alle sintuie tydens die ervaring van die tuin betrek word, is die tuin 'n sukses en verskaf dit oneindige plesier.

Omdat water in die Karoo besonder skaars en kosbaar is, het Strydom een en ander oor waterslim plante vertel en sy praatjie met foto's geïllustreer. Plante, wat hier gebruik word, behoort naaldagtige blare te hê omdat die oppervlakte waardeur vog verloor kan word, klein is. 'n Goeie voorbeeld is roosmaryn, wat dan ook besonder goed in die Karoo aard.

Vygies, wat plat op die grond in volle son groei, is 'n goeie keuse vir ons klimaat. Daar is verskillende vygies wat maklik in die Karoo groei en wat met baie min water floreer. Plante met grys blare, soos byvoorbeeld die grys plakkie, se ligte kleur weerkaats die son en is dus goed teen die hitte bestand, terwyl plante met vetplantagtige blare vog in hulle blare opgaar en sodoende goed in droë omstandighede kan oorleef. 'n Goeie voorbeeld is die suurvy, wat geel, pers of pienk blomme dra.

Dan is daar plante soos die dymondia, 'n grondbedekker, wat hulself beskerm deur in droogtetye hulle blare toe te vou of op te rol. Waterstres is die sneller. Wanneer daar weer meer vog is, gaan die blare oop. Plante met harige blare, soos die gazanias, groei maklik in die Karoo. Die fyn haartjies verminder die beweging van lug op die blaaroppervlakte en beperk dus die verlies van vog. Boonop het gazanias grys blare wat die lig weerkaats.

Nog 'n goeie keuse vir die Karootuin is plante met wasagtige blare soos die "French Lavender" aangesien die olie in die blare vogverlies beperk. Boonop is die blare lank en smal en word verdamping tot die minimum beperk. Dan is daar nog plante met blare wat aan die onderkant van hulle blare 'n ligter kleur het en sodoende help om lig te weerkaats, soos die witolien, wat baie goed in die Karoo aard.

Die lede het veel van Strydom se praatjie geleer en sal voortaan hierdie basiese riglyne vir waterslim plante by die uitleg en keuse van plante vir die Karootuin in ag neem.

CULTURAL DIVIDES AFFECTING SCHOOL PERFORMANCE

Equality assumes by definition that all have equal chances to succeed regardless of our actual station or circumstances. Most of us have the belief that we can't rise above our expectations and problems due cultural divides. As we entered the last decade of this millennium the social, economic, political and educational disparities are increasingly evident amongst African ethnic, racial and language minority groups particularly when comparing other counterparts. Not being able to adapt in this new freedom that we have, to share quality of life evenly, as equality specifies by the notion that we are all equal. We thus have to share the wealth of the country together, as most schools have been integrated to overcome the segregation of the different ethnic groups we have. Working together jointly by means of equal education for all may lend insight to the phenomenon of different individuals and group outcomes, particularly in relation to school performance. The principles and beliefs that we are being taught at home about other ethnic groups and cultures do somehow have a negative effect on the learners, thus affecting the way that they treat each other at school. These differences are being outlined to them by their religion, family members, community, the media and political parties. Somehow the political aspect is playing a great role in this divide that we are experiencing. Structures were not really put in place for the amalgamated schools with different cultures and languages as to how to handle the problems that were bound to arise. Teachers were not equipped enough for instructing within the bilingual and culturally crossed class rooms in most of our schools.

This segregation could also be amongst the authorities as well as the teachers which would result in them leaning towards a certain ethnic group. This in turn could cause the disintegration of 'Team Spirit' which would lead to poor school results because of a sense of hostility and mistrust among everyone.

Family and teacher support and motivation can be key in solving this issue. By participating in the performance of the child by motivating, assisting where necessary in the career of the child. Developing appropriate curriculum material reflecting the languages, cultures and experiences of different ethnic groups. We should practice relation amongst ethnic groups. Guidance should be given by teachers to the students in terms of subjects choices, career choices etc. The students should be exposed to working in groups with the different races and cliques should be avoided in the class rooms. Children should also get more opportunities in the different activities that they do at school from academic to sport and cultural extra mural activities. Such opportunities will ignite their performance in terms of recognition from the community, the school and their peers. The notion of racial inferiority also surface as an element in poor school performance. Fighting change and transformation with unity and solidarity is the common goal we want to achieve.

Thanduxolo Mr-X Williams

Sr. Judy Cloete, a lecturer at the Western Cape College of Nursing, speaking to one of the groups at the Thusong Centre, about study and work opportunities in Nursing during the Western Cape Government Health (WCGH) road show.

Photo by Mr. Adnaan Stemmet

Sondagskool Opskop – 3 tot 4 September

Môrester Evangliese Kerk gaan 'n Sondagskool naweek hou. Ons wil weer vir die kinders laat voel hulle is nog belangrik. Almal is genooi na die naweek. Kom ouers, laat ons ons kinders ondersteun. Die program is soos volg:

Saterdag:	Basaar:	09h30
	Speletjies:	10h30
	Sangaand:	19h00
Sondag:	Erediens	

Kom en geniet die naweek met ons!

Food for Thought & Thoughts for Food

It doesn't do to do much talking
When you're mad enough to choke
For the word that hits the hardest
Is the one that's never spoke
Let the other fellow do the talking
Till the storm has rolled away
Then he'll do a heap of thinking

For today only:

Do not anger
Do not worry
Be humble
Be honest in your work
Be compassionate to yourself and others

NOUE ONTKOMING

Op 27 Julie 2011 het Lauschke Lewack, werksaam te Capitec Bank op Graaff-Reinet, 'n noue ontkoming gehad.

'n Man het die bank binne gekom met 'n sak in die hand. Skielik het hy ysblokkies in die bank begin rondgooi. In die pandemonium wat ontstaan het, kon hy sy kans waarneem.

Hy het Lauschke uit die pad gestamp en sodoende toegang tot die agterste vertrekke bekom. Hier het hy die personeel met 'n rewolwer gedreig om aan hom geld te oorhandig. Die polisie wat toevallig daar naby op patrollie was, was gelukkig gou op die toneel en kon die boosdoener in hegtenis neem.

Capitec Bank het baie ondersteunend opgetree teenoor hulle personeel. Daar is ook dadelik vir hule berading gereël. Lauschke is die dogter van mnr Colin en mev Lorna Lewack verbonde aan Murrraysburg Primêre Skool.

INVEST IN YOUR FUTURE

You have a bright future ahead of you with endless possibilities

So why would you want to waste it all on booze

Sitting in shebeens and taverns doesn't make you look cool

It makes you look like someone who needs help, besides

There are so many things to do rather than sit in dingy, smoky taverns drinking

This is the time of your life when you should be following your dreams and

Developing skills for your future career

You need to be selective of the friends and people you hang out with

You won't get anywhere interesting or exciting or profitable in life

If your friends just hang around drinking and smoking

You have better things to do with your life

So choose to be around people who are focused on reaching their potential and being productive

You are the architect of your own future, so choose your friends wisely

And you'll get the most out of life.

MR-X.com

ADVERTISEMENTS

Half page – R50.00
Quarter page – R25.00

Small Ads/Notices

R20.00 up to 50 words, thereafter R1.00 per additional word
Small photo (+- 30cm x 30cm) – R10.00

Murraysburg Somermusiekfees

"Vier die Talent – Vier die Somer – Vier Mekaar"

Plek? : Murraysburg Stadsaal
Datum? : 19 Oktober, 7-uur (19:00)
Koste? : Gratis
Wie? : Hele Murraysburg
Musikante? : Enige musieksmaak en almal wat die keuring slaag, welkom
Aantal items? : 20 (@ ±5 minute per item = 100 minute
Sperdatums? : Almal wat musiek wil maak, moet vóór 30 September inskryf
Oudisies/Keuring: Sal met musikante gereël word
Keurkomitee? : Mnr'e Afrika, Avenant, Siphelo, Mev..... en 'n verteenwoordiger soos deur die hoërskool voorgestel
Verversings? : Ons dorp is 156 jaar oud en die stigterslede (NG Kerk) verskaf 1 gratis pannekoek per persoon na afloop van die musiekfees
Beskermheer? : Dorpsbestuurder, mnr Klink
Eregaste? : Skoolhoofde Lottering en Louw en hul metgeselle; SAPD Stasiebevelvoerder en sy metgesel; Voorsitter van die Distrikslandbouvereniging en sy metgesel; ....……

.....……

Voorstelle en Wenke? :ekstra stoele, vertaling in Engels en Xhosa, ens

Vir meer besonderhede/oudisies/ens kontak Mnr Afrika 072 2094 172 of Paul Avenant 083 305 6691

Hou ook die Oktober uitgawe van die Murraysburger dop vir meer besonderhede!

LET WEL

DIT IS 'N GELEENTHEID WAAR BAIE KINDERS EN BEJAARDES BETROKKE GAAN WEES.
DAAROM WORD DIE REG VAN TOEGANG STRENG VOORBEHOU EN GEEN PERSOON
WAT ALKOHOL VERBRUIK HET, SAL TOEGELAAT WORD NIE.
'N SIGBARE POLISIE-TEENWOORDIGHEID SAL GEREËL WORD.

Onthou die lammetjie wie se ma dood is en toe deur 'n koei aangeneem is wat dieselfde nag haar kalfie verloor het? Dis nou net mooi 'n jaar later en die skaap loop nog steeds saam met die beeste. Al yslik groot. Alles op die plaas Waaikraal van Kallie en Miemie van Heerden. ***Foto's: René Theron***